

Hoofstuk van die dag: Prediker 3

> *Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is: jy kan daar niks byvoeg nie en jy kan daar niks van wegneem nie. God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê. (vers 14)*

Met die eerste oogopslag lyk dit of die prediker vir ons wil

sê dat niks wat ons doen, regtig ’n verskil maak of saak maak nie. Uiteindelik sal God se wil geskied. So, as niks bygevoeg of weggeneem kan word van God se werk nie, hoekom sal ons enigsins iets doen?
Ons moet onthou dat God gekies het om deur ons, die mense, sy werk te doen. Ons is sy werktuie. Ons is nie marionette wat sonder enige wil beweeg soos Hy beveel nie. Ons is ook nie parasiete wat maar net sit en sy gawes opgebruik nie. Nee, ons is sy agente, geroep om die aarde te bewerk en op te pas, gekies om aan sy kerk te behoort en sy Raadsplan vir die wêreld te verkondig, begenadig sodat ons die genade wat ons van Hom ontvang, kan aangee aan ander.
Die prediker nooi ons dus hier uit om ons drome, ons doelwitte en ons talente te laat inpas in God se groter plan. Agente van God. Wat ’n voorreg!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026